Die Skietlood

UITGAWE 256 13 NOVEMBER 2026

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* verteenwoordig nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

Heidelbergse kategismus

DIE TWEEDE DEEL: DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)

SONDAG 7

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee *(Matteus 7:14 Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min"; Matteus 22:14 "Baie is immers geroep, maar min is uitverkies.")*, ***maar slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem*** *(Markus 16:16 "Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word."; Johannes 1:12 "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."; Johannes 3:16 "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê", 18 "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie",36 "Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom"; Jesaja 53:11 "Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra."; Psalm 2:12 "In Hom onderdanig wees, sodat Hy nie toornig word en julle op die pad omkom nie, want sy toorn ontvlam gou. Dit gaan goed met almal wat by Hom skuiling soek"; Romeine 11:20 "Dis waar. Hulle is uitgekap omdat hulle nie geglo het nie; jy is daar geënt omdat jy glo. Moenie daaroor hoogmoedig wees nie; hou rekening met God"; Romeine 3:22 "maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo"; Hebreërs 4:3 "Ons wat glo, gaan wel in die rus in, maar hulle nie, soos God gesê het: "Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie." En tog was sy werk ná die skepping van die wêreld reeds afgehandel"; Hebreërs 5:9 "En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword"; Hebreërs 10:39 "Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe."; Hebreërs 11:6 "As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon")*.



Kommentaar Vraag: Daar is diegene wat op grond van Vraag en Antwoord 19 tot die gevolgtrekking wil kom dat die lyn van redding breed oor die lyn van die sondeval sal loop. Met ander woorde, net soos deur Adam (een) die sonde vir almal geld, net so sal redding deur (Jesus) Een vir almal volg. Die argument is min of meer dat almal dan gered word. Gaan ons almal in die hemel sien? Hoe moet ons die saak verstaan? Is dit logies (of nie – non sequitur) om tot daardie gevolgtrekking te kom. Hierdie vraag word nou gestel en beantwoord. Die probleem kan ook anders verwoord word: Ons het nou bepaal dat redding kom deur Jesus en die Bybel is die bron vir hierdie absolute waarheid. Wie kry almal deel aan hierdie verlossing? Almal wat verlore is in Adam? Niemand nie? Hierdie vraag en die antwoord slaan die brug na ons verstaan van geloof. In dieselfde asem bestry dit 'n leer van globale, onvoorwaardelike saligheid ten spyte van sonde-omhelsing.

Kommentaar Antwoord: Die antwoord is tweeledig. Aan die een kant is dit duidelik dat nie almal gered word nie; redding kom nie deur Christus vir almal nie, maar in Christus deur geloof. Lees hierdie sin weer en weer! Nie almal wat in Adam tot verdoemenis gerig is word deur Christus gered nie. Die bespreking rakende aard en omvang van die sonde het die totale verlorenheid van die mens baie duidelik gemaak. Streng gesproke is die sondeval die einde van die eerste skepping en is niks minder nie as 'n nuwe skepping nodig. Die plant van die mensdom se saad is sonde in ewigheid.

Hulle wat deur geloof op Christus ingeënt is ontvang die voordele deur Hom bewerkstellig. Die woorde van Johannes 3:36 moet weer aangehaal word: "*Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.*"

‘n Groot fout wat diegene maak wat oortuig is dat die genade die sonde bedek, is dat hulle nie verstaan dat Jesus nie die sonde bedek nie, maar verwyder.

Waarom die onderskeid? Skiet Jesus se Middelaarswerk tekort? Is daar ‘n tekort in die meriete van Sy genadige werk? Beslis nie! Jesus se versoenende offer is voldoende in terme van waardigheid en volledigheid om te betaal vir die sonde van die volle mensdom oor die hele span van die geskiedenis.

Die angel lê by die ongeloof van mense wat die voordele van Jesus se genade verwerp; dit is hulle keuse en skuld dat hulle nie gered word nie – nie die gevolg van een of ander tekort in dit wat Jesus gedoen het nie.

Die Skrif stel die resultate van die keuses van geloof as volg in Johannes 1:12 “*Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.*” Dit is die gelowiges wat die saligheid ingaan omdat hulle in hul geloof die genade opneem en aanneem. Die gelowiges antwoord dankbaar in toewyding op God se genadedaad in Christus.

Kort gestel: Christus se werk as Middelaar is genoegsaam om almal te red, maar dit is in ware geloof dat hulle wat gered is die voordele van Sy koms ontvang.

Sommige mense beweer dat genade veel meer is as sonde en dat genade daarom oor almal moet spoel. Dit is waar dat genade oorvloedig is in potensiaal. Dit beteken nie dat die potensiaal gerealiseer word nie. Sou alle mense geglo het, sou alle mense die saligheid ontvang het. maar in toepassing gegee word aan hulle wat glo.

(HK-reeks deur Dr. Johan Otto)